

Uitlewing van die evangelie



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Romeine 8:20-23; Johannes 3:16, 17; Mattheus 9:36; Efesiërs 2:8-10; 1 Johannes 3:16, 17; Openbaring 14:6, 7.

Geheueteks:

“Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is ’n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie daade waarvoor Hy ons bestem het” (*Efesiërs 2:8-10, NAB*).

Sodra ’n mens oor God se gebooië, vereistes en voorskrifte begin praat, loop jy die gevaar – kom jy as’t ware in die versoeking – om te dink dat jy op ’n manier iets kan doen of iets kan bydra om jou verlossing ’n bietjie aan te help, of om bloot in guns by God te kom. Tog sê die Bybel herhaaldelik dat ons sondaars is wat alleenlik deur Gods genade en die plaasvervangende kruisdood van Jesus gered word. Daar is hoegenaamd niks wat ons daartoe kan byvoeg nie. Soos Ellen G. White tereg skryf: “As ’n mens alles in die mens wat goed en edel en heilig en lieflik is, kon saamsit en dan as ’n soort meriete-gebaseerde motivering aan die engele kon voorlê – ‘Kyk, hier is ons bydrae ter redding van die mens’ – sou hulle dit summier as hoogverraad verwerp het” (*Faith and Works*, bl. 24). Insgelyks behoort ons weldade van genade en medelye aan die behoefdiges nie as ’n vorm van redding-deur-werke bedryf te word nie. Inteendeel, soos ons toenemend insae en waardering vir die verlossingsplan kry, word die noue band tussen God se liefde en sy besorgdheid oor die armes en die onderdrukte, ook ons s’n. Ons is immers self ontvangers van sy liefde en genade. Ons het ontvang, en daarom behoort ons te gee. Wanneer ’n mens sien hoe lief die Here jou gehad het, besef jy ook hoe lief Hy ander gehad het en steeds het. Tot dieselfde naasteliefde roep Hy ons.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 7 September.*

“Want so lief het God...”

Johannes 3 vers 16 sê: “Want so lief het God die wêreld...” (*OAB*). Die oudgrieks wat hier as “wêreld” vertaal word, is natuurlik kosmos – “die wêreld as ’n geskape, georganiseerde entiteit” (die *SDA Bible Commentary*, vol. 5, bl. 929). Hierdie vers gaan nie net oor die verlossing van die mens nie. Dit sê ook dat die verlossingsplan implikasies vir die ganse skepping inhou.

Lees Romeine 8:20-23. Wat leer ’n mens hieruit oor die breër kwessies in die verlossingsplan?

Natuurlik gaan verlossing, in ’n sekere opsig, oor elke gelowige se persoonlike verhouding met God. Tog eindig dit nie daar nie. Regverdigmaking gaan oor veel meer as net die vergifnis van ons sondes. Ideaal gesien, gaan regverdigmaking ook oor die feit dat die Here, deur Jesus en die krag van die Heilige Gees, ons tot die gesin van God herskep. As lede van daardie gesin vier ons ons vergifnis en verlossingsekerheid, deur onder meer, goeie werke te verrig wat dan deel van ons getuienis aan die wêreld is.

Lees Johannes 3:16, 17. Hoe help vers 17 ons om die breër betekenis van vers 16 te verstaan?

’n Mens besef en aanvaar dat die Here nie net vir jou alleen liefhet nie. Hy het ook ander mense lief. Hy het dié lief wat ons liefhet, iets waarin ons ons natuurlik verheug. Daarbenewens het Hy ook diegene lief na wie ons uitreik. Dit is juis daardie wete wat ons aanspoor om na daardie persone uit te reik. Tog is die Here ook lief vir diegene wat ons ongemaklik laat voel of vir wie ons bang is. Die Here het almal oraloor lief, selfs diegene van wie ons nie juis hou nie. ’n Mens bespeur ook dié waarheid elders in die skepping. Die Bybel noem herhaaldelik dat die wêreld ’n bewys van God se goedheid is. Die Here “laat immers sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd doen” (*Matt. 5:45, NAB*). Die lewe opsigself is ’n gawe van God. Wat meer is, elkeen ontvang daardie gawe – ongeag sy/haar houding teenoor, of reaksie op, God.

In ’n stadium kom ’n mens daadwerklik tot die besef dat jou medemens na die beeld van God geskape is en dat die Here hom of haar liefhet. Hoe behoort dit ons houding teenoor ander en hul omstandighede te verander?

Barmhartigheid en berou

Die vervlegte storie van verlossing en die groot stryd noop ons om 'n belangrike, fundamentele waarheid te bely – 'n waarheid waarsonder ons die aard en wese van nóg die wêreld nóg die mens reg kan verstaan: dat beide mens en planeet gevalle, sondig en gebroke is. Ons wêreld is nie meer soos dit geskape is nie, en hoewel ons na die beeld van ons Skepper gevorm is, is ons deel van die gebrokenheid op aarde. Die sonde in ons lewens is van dieselfde aard as al die ander euwels wat soveel pyn, onderdrukking en uitbuiting oor die wêreld heen veroorsaak. Dit is dus te verstane dat die seerkry, ongemak, verdriet en tragedies van die mens om ons, ons raak. 'n Mens moet immers 'n robot wees om nie die pyn op aarde te kan voel nie. Psalms se weeklag, Jeremia en die ander profete se verdriet, Jesus se tranes en medelye – al hierdie dinge demonstreer die paslikheid van hierdie respons op die euwels en hartseer in die wêreld, en veral hoe paslik dit is vir diegene wat dikwels aan die kortste end van daardie dinge moet trek.

Lees Mattheus 9:36 en hfst. 14:14, asook Lukas 19 vers 41 en 42, en Johannes 11:35. Wat het telkens gemaak dat Jesus die lydende party vreeslik jammer gekry het? Hoe kan ons ook 'n sarge plekkie vir ander se pyn hê?

Laat ons in gedagte hou dat sonde en boosheid nie net “daarbuite” is nie, of nie net die gevolg van ander mense se gebrokenheid is nie: “As ons beweer dat ons nie sonde het nie, mislei ons onself en leef ons nie volgens die waarheid nie” (1 Joh. 1:8, NLV). Volgens die profete van ouds is die groot tragedie van sonde nie soseer die verbreking van 'n bepaalde reël nie, maar die feit dat dit die band tussen God en sy volk verbreek, en omdat sulke oortredings ook ander mense seermaak. Hierdie gebrokenheid wat sonde meebring, kan klein- of grootskaals wees. Dit bly egter verkeerd, ongeag die grootte. Selfsug, hebsug, gemeenheid, vooroordeel, onkunde en apatie – al hierdie dinge is die wortel van die kwaad, ongeregtigheid, armoede en onderdrukking in ons wêreld. Om 'n mens se sondigheid te bely, is die eerste tree na oorwinning, en selfs die eerste tree na die innooi van Gods liefde sodat dit sy regmatige plek in ons harte kan inneem: “As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig” (1 Joh. 1:9, OAB).

Doen 'n bietjie introspeksie (maar moenie dit te lank doen en self-gerig raak nie). In watter opsigte is jy gebroke en deel van die groter probleem? Waar kan 'n mens antwoorde op hierdie probleme vind? Waar is die enigste oplossing op aarde?

Genade en goeie werke

Som Efesiërs 2:8-10 in jou eie woorde op. Wat sê hierdie verse vir ons oor die verband tussen genade en werke?

Die Bybel sê dat ons onder andere geskep is om die Here te aanbid en ander te dien. Slegs in 'n mens se geestesoog kan jy jou voorstel hoe hierdie handeling in 'n sondelose wêreld moes wees. As gevolg van sonde is die gebrokenheid en verwordheid van die wêreld al wat ons ken. Gelukkig vir ons baan Gods genade die weg na vergifnis en heling, 'n genade wat tot uitvoer kom deur, en uitdrukking vind in, die kruisdood van Jesus ter vergifnis van die mensdom se sonde. So word ons op 'n meer volmaakte wyse die handewerk van God, selfs te midde van hierdie gebroke bestaan wat ons voer, en gebruik God ons as sy vennote in die heling en herstel van ons medemens, ons medemens wat ook seerkry en rampspoed beleef (*Ef. 2:10*). “Elkeen wat ontvang, moet aan ander gee. Vanuit alle oorde kom die vraag na hulp. Die Here roep die gelowige tot naastediens wat gewilliglik gedoen word” (Ellen G. White, *The Ministry of Healing*, bl. 103).

Laastens, die goeie werk wat ons doen – om na die armes om te sien, om die onderdruktes op te hef, om dié wat honger is kos te gee – doen ons nie ten einde verlossing te bekom of om die Here se aansien te geniet nie. Deur ons geloof in, en danksy, Christus geniet ons al die aansien by God wat ons ooit nodig sal kry. Nee wat, ons besef dat ons beide sondaars en slagoffers van sonde is, wat desnieteenstaande steeds die ontvangers van God se liefde is en deur Hom vrygekoop is. Hoewel ons steeds die stryd teen versoeking, die eie-ek en hebsug moet stry, bied die selfopofferende en nederige genade van die Here ons 'n nuwe soort liefde en lewe, 'n liefde en lewe wat 'n omwenteling in en om ons teweegbring. Wanneer ons die kruis aanskou, sien ons die groot en volmaakte soenoffer vir die mens. Ons besef ook: tot al hierdie dinge wat ons in Christus het, kan ons absoluut niks byvoeg nie. Dit beteken natuurlik nie dat ons niks hoef te doen in reaksie op die gawe wat ons in en deur Christus ontvang het nie. Intendeel, ons moet daarop reageer. Is daar, per slot van rekening, 'n beter manier om op God se groot liefdesgawe te reageer as om dit aan ander te betoon?

Lees 1 Johannes 3:16, 17. Hoe sê hierdie verse op 'n besonder kragtige wyse wat ons reaksie op die kruis behoort te wees?

Die menswees wat ons deel

Deur sy bediening en leer het Jesus die mense tot 'n radikale inklusiwiteit aangespoor. Elkeen wat sy aandag met suiwer motiewe gesoek het – vroue met 'n slegte reputasie, tollenaars, melaatses, Samaritane, Romeinse hoofmanne oor honderd, godsdienstige leiers of kinders – almal is van harte met ope arms ontvang en versorg. Soos die vroeë-Christelike kerk aanstons op allerlei transformerende wyses ontdek het, is die gawe van verlossing vir ieder en elk bestem. By die eerste Christene het dit begin deurskemer dat die evangelie vir almal bedoel is. So kom hulle dan tot die besef dat die gelowige se weldade aan buitestaanders nie bloot “goeie werke op jou geestelike CV” is nie. Dit was die essensie van hul evangelie-belewenis; soos hulle dit in die lewe, bediening en dood van Jesus ervaar het. Met elke nuwe kwessie en uitdaging wat hanteer moes word – eers individueel op leierskapsvlak, by mense soos Paulus en Petrus (*lees byvoorbeeld Hand. 10:9-20*), en toe gesamentlik, as 'n kerk by die vergaderings te Jerusalem (*lees Hand. 15*) – besef hulle dit: hierdie blye boodskap het 'n dramatiese omwenteling teweeggebring in die manier wat ons God se liefde en ook die begrip inklusiwiteit verstaan. Die gelowige kom ook tot die besef: hier is hoe hierdie dinge in die lewe van 'n belydende Christen uiting behoort te vind.

Wat leer ons uit elk van die volgende teksverse oor ons gedeelde menslikheid? Hoe behoort elke beginsel 'n verandering in ons houding teenoor ander teweeg te bring?

Mal. 2:10

Hand. 17:26

Rom. 3:23

Gal. 3:28

Die gelykenis van die goeie Samaritaan handel oor die praktiese uitlewing van medemenslikheid – dieselfde boodskap wat Galasiërs 3:28 in die vorm van 'n teologiese opsomming probeer tuisbring. Die hoofsaak hier is: Gaan dien jou naaste, en vergeet van wie se plig dit nou eintlik is, en wees selfs bereid om diegene te dien wat jou nie sal dien as die bordjies verhang moet word nie. Dit wat ons as 'n wêreldwye mensegesin saambind en deel, kom eers op 'n meer verhewe denkvlak aan die lig – binne die band van die kerkgesin, die band van diegene wat deur die evangelie bymekaargehou word; deur die bindstof van God se reddende liefde wat gelowiges tot samehorigheid in Hom roep: “Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge” (*1 Kor. 12:13, OAB*).

Die ewige evangelie

Die uitnodiging en aantrekkingskrag van die evangelie, wat beide 'n omwenteling in 'n mens se lewe teweegbring – ja, daardie evangelie wat “aan alle nasies en stamme en tale en volke” verkondig moet word (*Op. 14:6, OAB*) – duur sedert die totstandkoming van die Christelike kerk voort. Tog wys Openbaring op 'n hernieude, dramatiese verkondiging van die goeie nuus oor Jesus, en alles wat dit behels, in die eindtyd.

Lees Openbaring 14:6, 7. Watter sy van die evangelie, soos dit in die bekende Johannes 3:16 verwoord word, vind ook hier in vers 7 neerslag.

Openbaring 14:7 bring drie sleutelemente byeen, wat reeds in 'n vorige les aan die lig gekom het toe ons God se blywende besorgdheid oor boosheid, armoede en onderdrukking in die Skrif bekyk het:

Oordeel. Die soeke na die oordele van God – sodat reg en geregtigheid kan geskied – is deur die geskiedenis heen die pleidooi van die onderdruktes. Gelukkig sê die Skrif dat God die hulpgeroep van dié wat in nood verkeer, hoor. Soos ons telkens – onder andere in Psalms – gesien het, word God se oordele as goeie nuus verwelkom deur dié wat onbillik en onregverdig behandel word.

Aanbidding. Die Hebreuse profetiese geskrifte lê dikwels klem op die verband tussen aanbidding en die verrigting van weldade, veral waar die aanbidding van dié wat bely dat hulle deel van God se verbondsvolk is, met hul voortgesette wandade vergelyk word. In Jesaja 58 sê die Here pertinent dat die verrigting van weldade, asook die versorging van die armes en behoeftiges, die enigste aanbidding is wat Hy werklik begeer (*lees Jes. 58:6, 7*).

Die skepping. Soos ons reeds gesien het, is ons gedeelde menswees een van die hoekstene van God se oproep tot geregtigheid. Daardie gedeelde menswees dui op die feit dat ons almal na sy beeld geskape is en deur Hom liefgehê word, dat ons almal waarde in sy oë het, en dat niemand uitgebuit behoort te word of tot die voordeel van ander, of uit hebsug, onderdruk behoort te word nie. Duidelik is hierdie eindtyd-verkondiging van die evangelie 'n diepgaande en vêrreikende oproep tot aanvaarding – aanvaarding van die bevryding, verlossing en herstel wat God begeer om die gevalle mensdom te skenk. So gaan die Here dan sy kinders hê – wat selfs te midde van die kwessies rakende ware en valse aanbidding, en vervolging (*lees Op. 14:8-12*) hulle vir reg en geregtigheid beywer – vir God en sy gebod en die geloof in Jesus, selfs te midde van die allerverskriklikste boosheid.

Hoe kan ons maniere vind om die behoeftiges te dien terwyl ons terselfdertyd die hoop én die waarskuwings in die Drie-engeleboodskap met hulle deel?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White – “God With Us” op bl. 19-26 in *The Desire of Ages*, en “Saved to Serve” op bl. 95-107 in *The Ministry of Healing*. “God sê dat die ganse aarde sy wingerd is. Hoewel dit nou in die hande van ’n troonrower en indringer is, behoort dit eintlik aan God. As die verlossingsplan dan ’n bewys van sy eienaarskap is, hoeveel te meer die skepping? Ter wille van die wêreld het Christus sy lewe opgeoffer – ‘Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het’ (*John 3:16, OAB*). Dit is deur daardie enkele gawe dat ons al die ander ontvang. Daagliks ontvang die skepping seëninge uit die hand van God. Elke druppeltjie reën en elke sonstraaltjie wat op die ondankbare mensdom val; elke blaartjie, blommeltjie en vrug – al hierdie dinge getuig van God se lankmoedigheid en sy grote liefde” (Ellen G. White, *Christ’s Object Lessons*, bl. 301, 302). “‘Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één’ (*Gal. 3:28; Ef. 2:13*)... “Ten spyte van die mensdom se uiteenlopende geloofsoortuigings moet die pleitrede van menslike lyding en swaarkry aangehoor, en ook beantwoord word... “Oral om ons heen is mense wat in beproewing en nood verkeer, mense wat vertroosting en weldade benodig. Daar is weduwees wat ons medelye en bystand benodig, en weeskinders wat aan God behoort en wat Jesus aan sy volgelinge toevertrou het. Al te dikwels word diesulkes oor die hoof gesien. Miskien is hulle klere verslete, miskien tree hulle onbeskaaf op, of is selfs in elke denkbare opsig onaardig – tog behoort hulle aan die Here. Hulle is ten duurste gekoop, en is net so kosbaar in sy oë as wat ons is. Hulle is lede van die groot huisgesin van God, en hulle is die Christen – die rentmeesters van God – se verantwoordelikheid” (Ellen G. White, *Christ’s Object Lessons*, bl. 386, 387).

Vrae vir bespreking:

- 1. Die gelowige probeer om goeie werke te verrig en ander te help. Tog kom ’n mens so maklik in die versoeking om te dink dat dit jou óf beter as ander maak óf dat dit jou in guns by God behoort te bring. Hoe kan hierdie versoekings teëgestaan word?**
- 2. Is jul gemeente ’n gemeenskapie waarin die lede nie onderskeid tref nie, waar almal een in Christus is? Hoe kan julle daardie gelykheid verbeter? Hoe inklusief is jul gemeente?**
- 3. Neem in ag dat naastediens ter wille van liefdadigheid gedoen kan word (m.a.w. jy doen dit bloot omdat daar behoefte is en jy in staat is om te help). Nou is die vraag net: hoe handhaaf ’n mens die balans tussen naastediens as liefdadigheid, en evangelisasie as die verkondiging van bepaalde bybelwaarhede?**

Opsomming:

Die liefde van God – soos dit in die verlossingsplan uiting vind, en in die lewe en soenoffer van Jesus tot uitvoer gebring word – bied ons vergifnis, lewe en hoop. As ontvangers van daardie genadegawe beywer ons ons om dié seëning met ander te deel, nie in ’n poging om ons verlossing te verdien nie, maar omdat ons daarvoor geskep en ook herskep is. Derhalwe bring die evangelie ’n omwenteling in ons bande met ander mee. Dit noop ons tot naastediens, veral tot diens aan die erg-behoeftiges.